
# NEWS NEWS

## MENSE

### Totsiens



Edward de Klerk het onlangs afgetree as die swaarvoertuigdrywer van Beaufort-Wes-streek.

In sy 27 jaar diensternmyn het hy derduisende kilometers met vier verskillende boekwaens afgelê sonder om ooit 'n ongeluk te maak. Hy het ook uitgeblink as bobaas boekhersteller. Oor die jare het hy meer as 100 000 boeke herstel, voorwaar 'n merkwaardige dubbele prestasie! Behalwe hiervoor, sal ons hom ook nog lank onthou vir sy aanpasbaarheid (in sy tyd het Beaufort-Wesstreek vyf streekbibliotekarisse gehad!), sy besondere werkywer en sy heerlike humorsin, ten spyte van die kwaai hoof- en rugpyne wat hom die laaste jare al meer gepla het.

Ons wens hom 'n welverdiende rustige aftrede toe.

*Pieter Hugo*
*Streekbibliotekaris, Beaufort-Wesstreek*

## BIBLIOTEKE

### Active Friends in Knysna

Knysna Library's Friends can report that after 17 years they are still going strong.

To help swell funds, **Walking tour of Knysna** has been updated and published under a new title, **Wandering through historical Knysna**. Production was sponsored in part by Knysna Tourism. Once all copies are sold, over R7 000 will have been raised for the library. They were also fortunate to receive a generous donation of R4 000 from the Knysna Round Table.

Other successful activities were the sale of second-hand books and the monthly morning teas served at Leisure Isle Library. A valuable and useful reference book of Knysna authors has been compiled by Sue Allanson, honorary secretary, complete with bibliographies and photographs.

The local ephemera and research material have been card indexed. The index is available in print and accessed easily when specific information is sought. The collection is to be linked to the data base at Thesen's Island.

Other successful activities included book repair, replacing breakages in the kitchen, Library Week displays and Christmas programme. A large portion of their funds also went towards subsidising the salaries of relief staff.

Knysna Library can indeed be proud of their successful Friends organisation.

*Elna Cloete*
*Regional Librarian, George Region*

### Bekendstelling van digbundel

'n Digbundel van plaaslike digters, **Poëzie Nacht van die Muse**, is in Julie tydens 'n luisterryke geleentheid by Worcester Biblioteek bekendgestel. Die bekende Daniel Hugo het as gasspreker opgetree met digter en komponis, Floris Brown, as een van die gaste.

Die Breedevallei Dichtersklub is in 2000 in die lewe geroep met 17 lede. Skrywers in alle genres is welkom om hulle by Breedevallei Dichters aan te sluit, maar die klem val op poësie. Die gilde is ook oop vir lede van alle ouderdomme en die land se elf taalgroepe asook Nederlanders, en ledegeld is R10,00 per maand.


Die groep gee hoë prioriteit aan die publikasie van lede se werk. Alhoewel die onderliggende doel is om Afrikaans te bevorder, is die groep oop vir ander tale. Na gereelde oefensessies of poësiewerkwinkels wat gratis aangebied is deur Floris Brown, het die publikasie van die groep se debuut bloemlesing, **Poëzie Nacht van die Muse**, gestalte gekry. Die groep bedien tans die hele Breedevallei met lede van Touwsrivier, Robertson, Rawsonville en Wolseley.

*Christine Gerber*
*Bibliotekaris, Worcester Biblioteek*





*Hedwig Strijdom (left) and Madelon Tuschius are two Friends of the Library who helped to run the SHARE library over the years. The birthday cake was meticulously cut to ensure that each of the 45 guests enjoyed a slice of cake*



## Tygervalley Library

*The exhausted staff at Tygervalley Library have worked their fingers to the bone during 2002 and rely on a skeleton staff to give staff members a well deserved break!*

## SHARE turns 10

A festive celebration recently marked the SHARE Night School and Somerset West Library's 10th anniversary.

The Somerset West Library and Friends joined hands with the SHARE literacy initiative in 1991 and since then, a special on-site library service has been offered to learners during weekly evening classes.

Learners, facilitators and the SHARE 'librarians' gathered in the Somerset West Library for an evening of fun and shared some fond memories. The Friends provided ample refreshments which included a huge birthday cake with ten candles. A vast collection of books and magazines were offered to the learners, free of charge.

Reverend Ewald van Rensburg from the Dutch Reformed Church, Hottentots Holland was the guest speaker and assured every SHARE learner of how special they are.

Over a glass of sparkling wine everybody agreed that the past ten years at SHARE were worth every second - read for a better life is real!

*Annamarie Cloete*
*Librarian, Somerset West Library*

## Pasta art fun at library

PD Paulse Library held an exciting fun-filled week during early October. There was musical art, indoor games and pasta art. Children were encouraged to be creative by decorating their favourite pasta noodle.

With the assistance of both adult and kiddie patrons, a talent show was also hosted. The official opening was addressed by Tommy Rhoode in which he emphasized the importance of library services to the community. Dance and song groups such as District Six, The Dying Swan and Ipitombi performed. The night was not only a joyous and memorable occasion to all but it provided staff members with an opportunity to show children that one could have innocent fun without being exposed to the dangers children are faced with today, such as drugs and gangs.

*Hazel Davids*
*Librarian*

## Heritage Day celebrations

On 25 September 2002, Masakhane Library celebrated Heritage Day in style. Various entertainment groups from different schools were invited, ranging from gumboot dancing and amajita to amapantsula. The function was opened by Masakhane staff doing an African dance, wearing gorgeous traditional dresses.

There were also beadwork and craft displays from the craft market in Harare. Delicious traditional dishes were cooked by the staff ranging from Umngqusho (samp and beans) to Umphokoqo (African salad).

The occasion was supported by about 200 community and library members. Manager of Library and Information Services (Tygerberg), Johnny Jacobs, also attended this event.

*Nomonde Lumka*
*Librarian*

▽ *A school group in action during the Heritage Day celebrations at Masakhane Library*



## BOOKS AND AUTHORS

### The dressing station tops

Jonathan Kaplan's book **The dressing station** was recently voted by booksellers as the one they most enjoyed reading, promoting and selling last year. Kaplan's prize money was R50 000.

The other finalists were **The restless supermarket** by Ivan Vladislavic, **At the fireside** by Roger Webster, **Sachs Street** by Rayda Jacobs, **Don't let's go to the dogs tonight** by Alexandra Fuller and **Raaiselkind** by Annelie Botes.

Jonathan Ball/HarperCollins was judged the country's best publisher of the year and Exclusive Books on the Square, Sandton Square, the top bookseller. Kwela Books was commended by the jurors for its support of South African writing.

Merit awards went to two specialist booksellers: Clarke's Bookshop in Cape Town for its focus on special interest books and its success in developing an export business, and Boekehuis in Johannesburg.

Sponsored by Whitaker Information Services of the United Kingdom, the annual Sefika Awards promote excellence in the local publishing industry.

### 'New Dickens in the making'

A Dutch-born novelist living in a converted railway station in the Scottish Highlands has Hollywood all abuzz.

Literary critics have hailed 42-year-old Michel Faber as the new Charles Dickens and movie moguls are clamouring to film his tale of a prostitute sleeping her way to the top in 19th Century London society.

The book, being published in Britain this week, was first started by Faber in 1981.

'I have rewritten it twice since then - three radically different versions. I was studying the Victorian era at the time I conceived it, so that must have influenced my choice of period,' Faber said.

Faber did not start learning English until he was seven years old. He spent 20 years living in Australia and he and his wife Eva moved to Scotland after falling in love with the Highlands while on holiday there.

His jobs ranged from nurse to pickle packer and from cleaner to guinea pig for medical research.

'I share the writing with my wife so it's not a lonely profession at all. I give my wife each chapter or section as soon as I've drafted it and we discuss it in great detail. She is an excellent critic,' he said.

*Sunday Argus*

### Skrywer inwoner van die jaar

Die skrywer-pedagoog, PH Nortjé, is onlangs aangewys as Wellington se inwoner van die jaar.

Nortjé, ook bekend as Oom Henry, is deur die plaaslike Rapportryers-beweging gekies as die dertiende *Wellingtonner van die Jaar* uit erkenning vir die wyse waarop hy die dorp in sy skryfwerk aan die land bekend gestel het.

In die jare vyftig en sestig het hy 'n reeks sketse oor dié dorp se inwoners vir **Die Huisgenoot** geskryf. 'n Keur hiervan het verskyn onder die titel, **Wellingtonse suiker**.

Ander boeke uit sy pen is **Die wildedruif val**, **Die groen ghoen**, waarvoor hy die Scheepers Prys vir Jeuglektuur ontvang het, en die mees onlangse **Korsies van growwebrood**.

### Prente laat kinders reis

Toe Piet Grobler se jongste kinderboek, **Net één slukkie, Padda!**, onlangs in Nederland bekend gestel is, het die media tougestaan om onderhoude met hom te voer. In 17 dae het hy met 14 joernaliste gepraat.

'Die mark in Nederland is soveel anders as hier in Suid-Afrika,' sê Grobler. 'In Amsterdam en Utrecht is daar, byvoorbeeld, twee winkels in elk van dié stede wat net kinderboeke verkoop.'

Hy vind groter aanklank by die Europese tekenkuns as by dié van die Britte. 'Die Angelsaksiese kunstenaars is meer geneig tot realisme of interpretasies terwyl Europeërs meer eksperimenteel en meer geneig is tot abstraksie.' Sy persoonlike biblioteek van prenteboeke trek al by 200 en sluit werke van regoor die wêreld in.

'Ek dink mense wat prenteboeke skep, het 'n sekere soort waardering vir die kind se wêreld. Maar ek sal nooit so arrogant wees om te sê ek verstaan dié wêreld nie. Ek was te lank gelede 'n kind.'

*Die Burger*

## LITERÊRE TOEKENNINGS

### Kortverhale met Sanlam pryse bekroon

Die wenners van vanjaar se Sanlam literêre pryse (vir kortverhale) is onlangs bekend gemaak.

Ashraf Jamal het die toekenning gekry vir beste gepubliseerde storie (**The shades**) en die Johannesburgse skrywer en akteur Renos Spanoudes het ook pryse gekry vir twee van sy ongepubliseerde stories (*Mercury* en *The apple tree* en *Of goats and roses* wat 'n plek deel).

Naaswenners in die kategorie vir gepubliseerde stories, is K Sello Duiker met **Giant** en Shawn de Waal vir sy storie, **Exposure**. Jacky Uys was in die derde plek in die ongepubliseerde kategorie met *The secret*.

### Nobel pryswenner

Imre Kertesz, 'n Hongaar wat as tiener in Auschwitz oorleef het, is met die Nobel Prys vir Letterkunde bekroon.

Sy werk is beskryf as skryfkuns wat die 'brose ervaring van die individu teen die barbaarse willekeurigheid van die geskiedenis staande hou'. Die Sweedse akademie het sy 1975 debuutroman, **Sorstalansag** (**Sonder lotsbestemming**), uitgesonder.

Die 72-jarige Kertesz, 'n Jood wat in Boedapest gebore is, is in 1944 na Auschwitz gedeporteer en daarna na Buchenwald, waar hy in 1945 vrygelaat is.

**Sorstalansag** was die eerste boek in 'n trilogie wat oor die Joodse massaslagting handel. **A kudarc** (**Fiasko**) het in 1988 verskyn en **Kaddish a meg nem szuletetett** (**Kaddish vir 'n ongebore kind**) in 1990.

### CBSA pryswenners

Die Christian Booksellers Association of South Africa (CBSA) het die **Liedboek van die kerk** aangewys as die beste publikasie van die jaar. **Innie skylte vannie Jirre** van Hans du Plessis is tweede en Max Lucardo se **Hy het die doringkroon gekies**, derde. Die CBSA bekroon jaarliks boeke van uitgewers van Christelike materiaal in 11 kategorieë. In die afdeling vir kinderlektuur is **Ek wil ook bid** van Anna-Marié Ackermann as die beste aangewys. Ronell Bezuidenhout se **God in your life** is gekies as die beste jeugboek. **Innie skylte vannie Jirre** is die wenner in die kategorie algemeen Christelik. Braam Hanekom se **Man met balans** is die beste dagboek. Die **Liedboek van die kerk** is ook die wenner in die kategorie teologie, ernstige nie-fiksie.

Die beste vertaling is **Hy het die doringkroon gekies**. Adrio König se **Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra** is die wenner in die kategorie, huwelik en gesin. **Eksodus** van Barend Vos is die beste boek in die kategorie vir fiksie. In die kategorie vir toerustingsmateriaal het **Só glo ons**, waarvan Piet Meiring die redakteur is, met die louere weggestap. Die beste

➪

geskenkboekie is Ampie Barnard se **God verstaan jou hart**. 'n Spesiale toekenning is gedoen aan die **Holy Bible: Contemporary English version** (kleuromslag).

## McEwan Exclusive pryswenner

**Atonement**, die Brit Ian McEwan se negende roman, is vanjaar die wenner van Exclusive Books se Boeke Prys. Dié prys, ook bekend as die ama-Boeke-Boeke, word toegeken aan gehalteboeke wat ook toeganklik is. Die wenner is deur 28 Suid-Afrikaanse resensente aangewys. Die ander benoemdes is **Balzac and the little Chinese seamstress** deur Dai Sijie, **The blind assassin** deur Margaret Atwood, **The constant gardener** deur John le Carré, **The bonesetter's daughter** deur Amy Tan en **Five quarters of the orange** deur Joanne Harris.

## Vatmaar skrywer kry prys

Die Patrick Petersen Gedenk Prys is onlangs aan die skrywer AHM Scholtz oorhandig. Petersen, 'n digter-dominee, was die eerste voorsitter van die ASV en is in 1997 oorlede.

Scholtz het bekendheid verwerf met sy boek, **Vatmaar**, en is die derde ontvanger van dié toekenning ná Elsa Joubert en Adam Small. **Vatmaar** is met die Eugène Marais-, CNA- en M-Net Prys bekroon en in verskeie tale vertaal.

## Prys vir boek oor wittes

'n Akademikus van die Universiteit van Kaapstad het 'n internasionale boekprys losgeslaan vir haar werk oor wit Suid-Afrikaners se konflik in hul strewe om te vernuwe.

Melissa Steyn het met **Whiteness just isn't what it used to be: white identity in a changing South Africa** die Outstanding Book Award van die internasionale kommunikasie-afdeling van die Nasionale Kommunikasievereniging (NCA) in Amerika verower.

Haar boek is eenparig deur resensente geprys vir die bydrae tot 'interkulturele kommunikasie, die streng teoretiese benadering, die insigryke ontleding en die uitstekende skryfwerk'.

Steyn ontvang in November haar prys op 'n NCA konferensie in New Orleans.

*Die Burger*

## Martel wins Booker

Author of **Life of Pi**, Martel, 39, did not begin making his living from writing until his late 20s. He divides his time among writing, yoga and voluntary work at a care unit.

His book was described by his compatriot and former Booker winner Margaret Atwood as 'a boy's adventure for grown-ups'. Lisa Jardine, chair of the 2002 judges, said: 'In **Life of Pi** we have chosen an audacious book in which inventiveness explores belief. It is, as the author says, a novel which makes you believe in God or ask yourself why you don't.'

The winner received £50 000.

*Cape Times*

# OPLEIDING

## VIGS-inligtingsessie

Tydens die opstel van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vir Breede Vallei Munisipaliteit is een van die projekte wat vir die Biblioteekdiens geïdentifiseer is, 'n inligtingsessie in verband met VIGS vir biblioteekpersoneel en in Junie het alle personeel so 'n aanbieding deur die Worcester VIGS-Aksie bygewoon.

Na aanleiding hiervan is besluit om by die onderskeie biblioteke 'n afdeling/hoekie in te rig vir die verspreiding van inligting. Biblioteekpersoneel het inligting ontvang oor die siektetoestand as sulks, maar is ook toegelig oor moontlike navrae wat ontvang kan word.

*Christine Gerber*
*Bibliotekaris, Worcester Biblioteek*

# MISCELLANY

## Gay superhelde

DC Comics, Brittanje se grootste uitgewer van strokiesverhale en die internasionale handelsmerk agter Superman en Batman, het in 'n poging om nuwe lesers te lok die eerste keer gay superhelde bekend gestel. In 'n radikale afwyking van die tradisionele verhaal waarin die superheld altyd die guns van die beeldskone vrou wen, het die nuwe uitgawe van **The authority** twee gay mans, Apollo en Midnighter, as helde. Die twee trou en neem 'n kind aan. In die Britse dagblad, **The Observer**, berig 'n woordvoerder vir DC Comics, dat die Britse lewenstyl verander en strokies moet dié verskuiwing reflekteer.

## 11 September herdenk

In Amerika is die 11 September-terreur onder meer gedenk deur minstens 100 boeke oor dié aanval wat binnekort verskyn. Een van die boeke is **Leadership** deur die voormalige New Yorkse burgemeester, Rudolph Giuliani.

## Wes-Kaap biblioteke kry wel nuwe boeke

Die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens het in reaksie op berigte dat dié diens toenemend agteruitgaan, gesê daar is 'kommerwekkende agterstande ten opsigte van personeel en diensure', maar dis onwaar dat nuwe boeke nie meer verskaf word nie.

Hannetjie du Preez, hoofdirekteur van Kultuursake, het gesê in 2001 het die Provinsiale Biblioteekdiens byna 'n kwartmiljoen nuwe boeke en 10 000 oudiovisuele items aan geregistreerde dienspunte verskaf.

Die 71 openbare biblioteke in Kaapstad wat by die Provinsiale Biblioteekdiens geregistreer is, het 124 271 van dié boeke ontvang.

Sy het bygevoeg dat die beskikbare geld en syfers vir 2002 daarop dui dat dié getal vanjaar dieselfde kan wees, of kan styg.

Daar is 315 openbare biblioteekdienspunte in die Wes-Kaap, waarvan 280 by die provinsiale biblioteekdiens geregistreer is om materiaal te ontvang. Dit sluit 71 openbare biblioteke in wat binne die Kaapse metropool geleë is.

Die ander 35 voormalige onafhanklike stadsbiblioteke is nou ook binne die metropool en die samesmelting van dié biblioteke word deur die stad bestuur.

Die Wes-Kaap het 1,2 miljoen biblioteeklede en verlede jaar is 24,7 miljoen items gesirkuleer waarvan boeke die gewildste was.

Die sirkulasie van volwasse Afrikaanse fiksie het verlede jaar met 1,9% gestyg en Xhosa-verhale met 2,9%. Engelse verhale se gewildheid het met 1,8% toegeneem.

*Die Burger*

'His favourite web sites are devoted to cricket, Bhutan, and the Bodleian Library.'

From a report in the **Manchester Guardian** on 58-year-old British rock superstar Mick Jagger.

*American Libraries*

# Kaapse Bibliotekaris

## 40 jaar gelede

- CJ Fourie maak 'n groot betoog uit vir die klassifikasie van boeke volgens leserbelangstelling. Vir die gewone gebruikers van openbare biblioteke sê hy is die Deweystelsel eerder 'n beslommernis as 'n hulp.
- An American invention announced in 1962 was a machine that smelled out stolen books. A dab of fragrance not normally noticeable by the human nose is placed on every book. The dab is removed at the issue desk when the book is taken out in the ordinary lawful manner; but beyond the desk an automatic sensing device reacts to books still carrying the dab.
- The Cape Town region was featured in a very comprehensive article. An interesting aspect was the service to the navy, with six floating depots on board a variety of military vessels. Books were even sent to England where the ships were being built.
- Die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens kondig 'n leserkundige opname aan wat gedurende 1963 by openbare biblioteke onderneem sou word. Die doel van hierdie ondersoek was om te bepaal in hoe 'n mate die Biblioteekdiens suksesvol was met die leesmateriaal wat aan biblioteke verskaf is.
- Ek is oortuig daarvan dat Oubaas van **Sewende Laan** in 1962 vir die Biblioteekdiens moes gewerk het. Met gevleuelde woorde word Malmesburystreek beskryf. 'Die landskapskoon is 'n groeiende beloning vir die bibliotekaris, met gespierde bergspitse, die sagte ronding van heuwels, wye vlaktes waar die bobbejane vir die biblioteek padgee. Daar is onoortreflike blommeprag, boorde met morge bloeiselkleur en gedissiplineerde wingerdstokke.' (sic.)

## Business info at your local library

More than 30 public libraries in the Cape metropole have become small business information centres enabling new and existing entrepreneurs to access business information from government departments, parastatals and the private sector.

Library business corners which have proved successful in Cape Town are now being implemented in other parts of the country such as KwaZulu-Natal, the Eastern Cape and Limpopo.

Internet access is being provided by the Cape Town unicity's 'Smartcape' computer facilities for library users.

*Argus*



## Soccer scores high on book lists

Publishers are finding that soccer is the new rock 'n roll - from Ronaldo to David Beckham, books about football are selling like hot cakes.

'Beckham, is the Beatles, Rio Ferdinand is the Rolling Stones and Ronaldo is Elvis Presley,' said British publisher, John Blake, at the Frankfurt Book Fair.

*Cape Times*

## LIASA election results

At the recent 5th annual LIASA Conference held in Port Elizabeth, the head of human resources, academic information services, University of Pretoria, Robert Moropa, was elected as the new president of LIASA for the 2002-2004 term of office. He replaces Ellen Tise, librarian at University of the Western Cape.

The other elected national office bearers are Naomi Haasbroek, deputy president (head: library and information services, iThemba Labs, Cape Town); Karlien de Klerk, secretary (deputy city librarian: Nelson Mandela Metropolitan Municipality, Port Elizabeth); Nico Ferreira, treasurer (law librarian: UNISA, Pretoria) and Nohra Moerat, public relations officer, (head: e tv Library and Information Services, Cape Town).

In keeping with the mission of LIASA, Moropa aims to focus on the role of public libraries and the equitable access to relevant information, which will ensure the development of an informed South African nation.

*Hilda Ramboho*
*LIASA*

## City on the map in 2004

Cape Town has a book event to look forward to in 2004 - and, as the first step in the countdown, a national initiative to promote reading in South Africa was launched in the city recently.

Bookeish! is to culminate in an international book festival, the first in the country's history, that will bring together top local and international writers of adult and children's fiction as well as non-fiction in an exhibition in Cape Town early in 2004.

The patrons-in-chief of Bookeish! are Albertina and Walter Sisulu. Other patrons are Minister of Education Kader Asmal, Deputy Minister of Arts, Culture, Science and Technology Brigitte Mabandla, novelist Nadine Gordimer and Archbishop Emeritus Desmond Tutu.

The 'eish' in Bookeish! is a township term expressing a positive surprise or exclamation. 'Eish!' means 'Wow!'.

'This is not a literacy drive but one that invites South Africans to acquire the pleasures and benefit of recreational reading in whatever areas excite their interest,' says director Graeme Bloch.

*Cape Times*

2002

